DEEL 113 | WEEK 30 | 30 JULIE 2021 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# ONWETTIGE VISVANG BY VAALDAM



Bassopa Security & Tracking se Oranjeville span het die 24ste Julie verdagte voertuie tussen Oranjeville en Deneysville afgetrek. Met ondersoek is groot hoeveelhede onwettige gevangde vis en visnette op die voertuie gevind. Bassopa het ses verdagtes aan Oranjeville SAPD oorhandig. Op die foto links is duisende rande se onwettige gevangde vis. Voorverlede Sondag was daar ook lede van die Oranjeville SAPD, nabygeleë plaaseienaars en gemeenskapslede wat hul bydra gelewer het ter viering van Mandela-dag. Daar is verskeie onwettige visnette uit die dam verwyder om die stropery van vis te probeer hokslaan. Boere van die omgewing het gekla omdat verskeie persone sonder toestemming toegang tot hul plase verkry om die Vaaldam te bereik. Met omliggende boere se bote en die hulp van die polisie is daar op die dam rondgevaar en met die soektog is daar nette 2.5km vanaf die oewer gevind. Hulle het daarin geslaag om met hulle 67 Mandela-minute 1300 visse wat vasgekeer was, vry te laat. Mag hierdie vrywilligers se inisiatief nie by Mandela-dag stop nie, maar 'n voortdurende operasie wees.

## VEEDIEFSTAL NEEM SKERP TOE

Die afgelope week was daar verskeie voorvalle van veediefstal in die Noordoos Vrystaat. Woensdagaand is 35 skape van Stoffel Scheepers gesteel op die plaas Klipfontein in die Vegkop omgewing. Volgens Stoffel is die skape uit die kraal gejaag wat naby sy werker se huis geleë is. Die trop is deur weikampe aangejaag waarvan die drade geknip is tot by 'n afgeleë kraal waar al 35 gelaai is. By nadere ondersoek Donderdagoggend het hy op nog 17 afgekom by die kraal wat se bene vasgemaak is.

In 'n ander voorval Saterdag is daar twee persone gearresteer nadat die SAPD inligting ontvang het dat 'n bakkie met gesteelde beeste vanaf Reitz onderweg is Vaaldriehoek toe. Die bakkie is op Heilbron voorgekeer deur Adj. Masilo en by nadere ondersoek is daar gesien dat die beeste vars brandmerke op het. Die persone is aangehou op grond van die besit van vermoedelik gesteelde vee. Die veediefstaleenheid het Dinsdag bevestig dat dit gesteelde vee is nadat hulle die beeste se winterhare af geskeer het en die eienaar se oorspronklike brandmerk kon identifiseer. Johannes van der Walt van die plaas Heuweltop het die beeste as syne geïdentifiseer. Die persone is op Reitz aangekla vir veediefstal en het reeds in die hof verskyn.

Daar word 'n ernstige beroep gedoen op veeboere om gereeld patrollies te ry en getalle te kontroleer. Maak ook seker dat alle vee gebrandmerk en getatoeëer is.








# UIT DIE PEN

## WEEK DERTIG VAN 2021

Onlangs was Wapadrant se elektriese substasie vir omtrent 'n week uit orde. Heeltemal uitgebrand. Gelukkig was dit in 'n ander kant van Pretoriejah en het nie 'n invloed op ons gehad nie. 'n Vriendin van my, darenteen, moes vir dae in die yskoue aansukkel terwyl sy badwater op die primusstofie moes warm maak.

Ek sal nie my linkerlong gee om met elektrisiteit te werk nie. Maar as ek moet kies tussen gas en elektrisiteit, kies ek tien keer eerder elektrisiteit. Ek is redelik versigtig vir gas. Mens kan dit seker ook "bang" noem. Ek weet nie hoekom nie. Volgens statistiek gaan meer mense dood as gevolg van elektriese skokke in vergelyking met gasbottelontploffings.

'n Elektrisiën verdien nogal baie van my respek. Veral wanneer daar 'n elektriese fout is. Of wanneer alles rondom my in donker gehul is.

Wat my egter *de hoeners* in maak, is wanneer ek met 'n tweepuntprop moet werk.

Eerstens soek ek die man wat hierdie tweepuntproppe ontwikkel het. Ja, ek is seker dat dit 'n man is, want wragtig, 'n vrou sal nie sulke stupid elektriese toerusting ontwikkel nie, want hulle hou nie van sukkel nie. Dit is so.

Smaak my dat die tweepuntprop die eerste keer in 1885 in Brittanje beskikbaar was. Die driepuntprop het eers in 1910 die lig gesien. Letterlik: want toe het ligte al met elektrisiteit gewerk. Die nasionale elektriese standaarde vir elektriese proppe is eers in 1915 saamgestel.

Soos wat ek kon nalees, het die tweepuntprop nie 'n aarddraad nie. Altwee die punte dra elektrisiteit. Oorspronklik het alle elektriese toebehore 'n tweepuntprop gehad, natuurlik baie meer primitief as ons s'n. Sommige elektriese toerusting het darem geëvolueer na 'n driepuntprop toe. Ander toerusting sukkel steeds met tweepuntproppe. Om een of ander onverklaarbare rede.

As ek reg is, kan 'n tweepuntprop wisselstroom (AC) gelei en 'n potensiaalverskil van tot 250 V hanteer en maksimum stroom van 2,5 Ampere. Hierdie tipe prop word gebruik om hoofsaaklik toerusting wat in en om die huis gebruik word, aan elektrisiteit te koppel.

Volgens die spesifikasies is hierdie proppe ontwikkel om 'n baie stewige kontakpunt te verseker. Dis nou wanneer die prop styf binne-in die muurprop pas en dit nie uitval sodra jy die elektriese toestel effens wikkel nie. (Onthou jy hoe jy vanoggend met jou haardroër gesukkel het?)

Daar is hopenlik ook geen metaalpunte wat uitsteek wanneer dit ingeprop is nie, en dit maak dit ook veiliger.

Geen elektriese stroom sal vanaf die kontakpunt tot by die elektriese apparaat vloei indien beide die kontakpunte nie binne-in die prop gedruk is nie. Nog 'n veiligheidsmeganisme, volgens die wat weet.

Maar as jy my die blou bles dingeses wil inhê, vat asseblief my tweepuntprop-*adaptors*. Prop dit uit die muur uit en sit dit op 'n ander plek. Dit beteken dat ek nie die handmenger kan gebruik nie. Ook nie my voedselverwerker nie. Ek kan geen kos fyn blits nie.

Al wat daar is, is drie gaatjies in die muur en geen *adaptor* nie.

Wat ek nie kan verstaan nie, is hoekom hulle tweepuntproppe maak as daar alewig goeters moet wees wat jy eers in die muurprop moet druk voordat jy met jou eie tweepuntproptoestel kan werk?

Ek raak rasend!

Die ander dag wou ek Jan van die Ghrênd Restaurant in Frankryk (en nou ook in die Kalahari) se lekker pampoenquiche maak. Ek begin met die kors. Gooi al die droë bestandele saam. En daar sit ek toe. Iemand het my tweepuntprop *adaptor* gevat. Askies, iemand het altwee my tweepuntprop *adaptors* gevat. Waarnatoe weet ek nie.

Ek loop kam my hare, gryp my handsak en karsleutels en laat vat na die naaste winkel toe. Ek koop brom-brom twee *adaptors* vir die tweepuntproppe. By die huis skryf ek 'n nota en plak dit teen die muur by die elektriese proppe: "As jy wèèr my proppe vat, dan wens ek…" En verder kan ek ongelukkig nie aanhaal nie.

Nietemin, uiteindelik kon ek my pampoenquiche maak. Die lekkerte van die quiche maak darem effens op vir die *gatvolgeit* jeens die frustrasie van tweepuntproppe.

**Hier is Jan se lekker Pampoenquicheresep:**

**Kors:** Meng 100g meelblom, 50g amandelmeel, 75g botter, 1 eiergeel en ½ tl sout in 'n voedselverwerker. As dit te krummelrig is, gooi klein bietjie kouewater by. Meng totdat die deeg net bymekaarkom, maak die deeg toe en sit in die yskas vir 'n uur. Rol die deeg uit en sit dit in 'n gesmeerde quichepan. Sny 'n stukkie waspapier, sit dit in die pan met die degie en gooi 'n lagie rou rys of rou bone. Bak vir 10 – 15 min by 180°C. Laat afkoel.

**Vulsel:** Sprei 500g botterskorsieblokkies op 'n gesmeerde bakplaat, gooi olyfolie, sout en peper oor, en bak vir 20 – 30 minute by 180°C totdat dit gaar is. Laat afkoel. Gooi die blokkies, 3 eiers, 20g botter, 100g amandelmeel, 100g sterk cheddarkaas, ½ tl neutmuskaat, ½ tl gemengde speserye, ½ tl kaneel en ½ tl fyn komyn saam in die voedselverwerker en meng goed. Proe en gooi nog sout en peper by as dit so voel. (Ek het by my quiche nog so lekker stukkie camembertkaas ook bygesit) Vul die kors met die vulsel en bak vir 45 minute by 180°C. So vyf minute voordat die baktyd verby is, kan jy 'n handvol amandelskyfies oor die vulsel strooi en dit klaar bak.

Dit is heerlik as dit dadelik bedien word. Ek het dit suksesvol verdubbel en 'n groter bak gebruik. Tel so 10 – 15 minute by die baktyd.

Wanneer jy klaar is, gaan kyk of die tweepuntprop se *adaptor* nog in sy plekkie is, en glimlag by jouself vir die vieslike nota wat jy teen die muur gesit het.

En as jy soos ek is, kry jy na twee dae skaam oor die ongewenste taal wat teen die kombuismuur vasgeplak is, en gaan haal dit skelm af.

Maar glo my: na 'n week is die tweepuntprop se *adaptor* steeds waar ek dit gesit het. Niemand durf waag om daaraan te vat nie.

Ek dink nogsteeds tweepuntproppe is onnodig.

# PANEEL 15



*Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy*


# TERESA VIGLIONE

■ **Quarta Pretorius**

Benewens die verskeie groepe Voortrekkers wat hulle ten tyde van die Zoeloe-aanval in Februarie 1838 oos van die Drakensberg bevind het, het ook 'n groepie Italiaanse smouse wat handelsware aan die Trekkers wou verkwansel, naby Bloukrans uitgespan. Teresa Viglione was een van hulle.

In die nag van die Zoeloe-aanval het sy onraad gemerk. Sy het toe te perd met haar sakkie geld van een Voortrekkergroep na die volgende langs die Boesmansrivier afgejaag en hulle gewaarsku dat die Zoeloekrygers op pad was. Daardeur het sy moontlik honderde Trekkerlewens gered, want haar waarskuwing het die Voortrekkers in staat gestel om hulle waens in laers te trek en op die Zoeloe-aanval voor te berei.

***Die beeldhouer Frikkie Kruger het 'n Italiaanse vrou Lea Spanno as model vir Teresa gebruik.***






GO BIG
WITH SPAR Rewards
INSTANT FREE SHOPPING FOR 58 000 CUSTOMERS
SPAR
BUY ME TO WIN
SPAR Long Life Full Cream, 2% Low Fat or Fat Free Milk 6 x 1 litre
Get R4 off
Rewards Customers Pay 74.99 per pack
BUY ME TO WIN
BUY ANY 3 FOR 30.00
Koo Baked Beans in Tomato Sauce (including Lite) 410 g
BUY ME TO WIN
BUY 2 FOR 50.00
All Gold Tomato Sauce 700 ml
BUY ME TO WIN
Cheddar, Gouda, White Cheddar or White Gouda
SPAR Cheese 700 g
79.99 each
BUY ME TO WIN
Smoked or Red (Excl. Chicken, Chilli or Cheese)
SPAR Butcher's Best Viennas 500 g
27.99 per pack
BUY ME TO WIN
CORN FLAKES
SPAR Goldies Corn Flakes 1 kg
29.99 each
BUY ME TO WIN
Nescafé Ricoffy (excl. Decaf) 750 g
Get R5 off
Rewards Customers Pay 69.99 each
Baby Soft Toilet Tissue (2 ply) 18s
99.99 each
BUY ME TO WIN
Spring Sensation, Lavender or Tropical
Sunlight 2 in 1 Hand Washing Powder 3 kg
54.99 each
IT'S OUR 58TH BIRTHDAY!
WIN COOL PRIZES WITH SPAR
BUY ANY 2 SPAR BRAND PRODUCTS
STAND A CHANCE TO WIN 1 of 8 DEFY FRIDGES OR FREEZERS
*Maximum of 10 e-Coupons per customer, for each SPAR Rewards product featured.
Specials available at selected SPAR, SUPERSPAR and KWIKSPAR stores (excluding SPAR Express stores) from 27 July up to and including 1 August 2021, while stocks last. We reserve the right to limit quantities. Not available in Western Cape, Eastern Cape, KwaZulu-Natal, Upington or Kalmoes area, the Lowveld or Belfast area. Prices include VAT

# HEILBRON BLOEDSKENKERS







*SANBS het die gemeenskap van Heilbron genooi om bloed te skenk, Dinsdag 27 Julie 2021 by die NG Suid Kerksaal. Daar is 'n totaal van 71 eenhede bloed ingesamel wat honderde lewens sal red. Op die foto's: Polane Radebe en Nicolene Botes.*

# ROLBALSPELERS MAAK REG VIR KOMPETISIES

Sondagaand het baie mense kiertsregop voor hulle televisiestelle gesit en wag vir oom Cyril om te praat, die afwagting was groot, wat gaan hy sê? Soos baie ander sportklubs kon die rolbalspelers ook maar net balle rol terwyl almal staan en uitdroog. Hulle lyk amper soos gedroogte perskes, tee het mos 'n snaakse smaak, dit smaak glad nie soos daai goeters wat in daai bottel met die klok is nie, maar gelukkig het oom Cyril reg gepraat. Nou gaan dit weer ekstra lekker wees om rolbal te speel.

Die winter het sy kwota koue gebring en dit het natuurlik veroorsaak dat die vinniger baan baie spelers geflous het, maar Terence Cunningham het hard gewerk om te verseker dat die baan steeds in 'n goeie, speelbare toestand gebly het.

As gevolg van die inperking was daar weereens geen buite-kompetisies nie, maar bestuur se kreatiwiteit het verseker dat sosiale spel steeds kompeterend gespeel kon word terwyl gereelde afrigting ook gedoen is. Dit het beslis gehelp om baie lede se spel te verbeter.

Vrouedag, 9 Augustus, gaan ook gevier word met 'n fondsinsameling en dit beloof om 'n baie spesiale dag te wees.

Met die minder rolbal wat gespeel is was daar ook weer tyd om die terrein rondom die klub op te knap.

Met die verandering na vlak 3 sal die rolbalkalender hopelik aangepas word sodat buite-kompetisies gehou kan word voordat die seisoen eindig.





















## SELF-CANNIBALISM

*The road South Africa is taking is perilous*
*Today, people take law in their own hands*
*Daylight robbery is the order of the day*
*Dying in the hands of a brother is a norm*
*Is this the democracy blood was shed for?*
*Oh South Africa, would you ever learn?*

*The road is leading to self-cannibalism*
*Four men still leading the country to doom*
*And play blaming games under our noses*
*The white man blames it to a black man*
*The black man shifts it to an Indian man*
*The Indian says it's coloured, Oh Lord!*

*If the road is not changed sooner than later*
*It will get to the point of no return...*
*Extremely narrow, with very sharp curves*
*The law of the survival of the fittest*
*shall be in full practice.*
*The land of grains shall be the land of blood*
*South Africa shall be the country once existed.*

*This is the road many African countries chose*
*This is the road that deprived Africans*
*of the dreams*
*This is the road that had sentenced*
*Africa to lifetime slavery*
*This is the road Mandela bypassed*
*when Hani was murdered*
*Why do you want to take this road today?*
*Nobody will destroy South Africa but itself.*

***By Shoaneng Sefali***


# VACANCY
## AT HEILBRON SPAR

**Bakers-assistants and confectioners needed. Please send relevant CV's to**
**odette.sparheilbron@gmail.com**
**Only relevant experience CV's and applicants with Matric certificate will be considered.**



# KENNISGEWINGS

## NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the **LATE JOHAN THEO BENNINK, IDENTITY NUMBER: 4481121 5003 084** married out of community of property residing at 134 Raubenheimer Street, District Heilbron, 9650, Province Free State, **Estate Number 10109/2017.**
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE PETRUS JOHAN VENTER,** Identiteitsnommer: 540118 5076 085, in lewe 'n pensioenaris, woonagtig te Vierdestraat 27, Reitz, 9810.
**Datum van afsterwe: 2 April 2021**
**Boedelnommer: 004799/2021**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
Kennisgewing van publikasie: 30 Julie 2021.
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ, 9810**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE MONCOMASOKU JAMES MAKHOBO** Identiteitsnommer: 470820 5550 084, woonagtig te Erf 1709, Petsana, Reitz, 9810.
**Datum van afsterwe: 22 Junie 2020**
**Boedelnommer: 005279/2021**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
Kennisgewing van publikasie: 30 Julie 2021.
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ, 9810**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE MARIA CHRISTINA BEZUIDENHOUT** Identiteitsnommer: 400214 0058 084, in lewe 'n pensioenaris, woonagtig te Roosstraat 22, Reitz, 9810.
**Datum van afsterwe: 11 Februarie 2021**
**Boedelnommer: 004565/2021**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
Kennisgewing van publikasie: 30 Julie 2021.
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ, 9810**

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T354/2013 gepasseer deur DIE TRUSTEES VAN DIE AT LABUSCHAGNE KINDERTRUST, Registrasienommer: IT1945/2001,** ten gunste van **MARIA JOHANNA MAGRIETHA JANSEN VAN RENSBURG, Identiteitsnommer 511022 0123 089,** ongetroud ten aansien van sekere **ERF 246 TWEELING, DISTRIK FRANKFORT, PROVINSIE VRYSTAAT** wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Reitz op hede die 27ste dag van Julie 2021.
**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**REITZ, 9810**
**E-POS: BLIGWES06@GMAIL.COM**
**TEL: 058 863 2884/5**


**POSTNET HEILBRON**
**Besigheidsure**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00

***Elsstraat 42 • HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***


**FORM JJJ**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. TE 12904/2009** passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **TSHEPO GODLEY KHETHE** in respect of certain
ERF 245 PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE
IN EXTENT: 459 (FOUR FIVE NINE) SQUARE METRES
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 26th day of July 2021.
**APPLICANT AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 KERK STREET,**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesa@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**

## NOTICE OF SALE IN EXECUTION OF MOVABLE PROPERTY BY WAY OF PUBLIC AUCTION

In the Magistrate Court Reitz held at Free State Reitz.
**Case Number: SC02/2021**
**In the matter between:**
**MKHWANAZI MPE JONAS**
*Execution Creditors*
and
**LEKOTJOLO PHINEAS**
*Execution Debtor*
In pursuance of an Judgement granted on 04/03/2021 in the Magistrate Court Reitz, 40 Church Street, Free State, Reitz and under Writ of Execution issued thereafter the movable property listed hereunder will be sold in execution on 6 August 2021 at 11:00 by public auction to be held at Sheriff Office, 22 De Wet Street, Reitz by the Sheriff of Reitz to the highest cash bidder:
1 x Silver *Yskas*
1 x Russel Hobb Microwave
1 x Dispenser Kelvinator 2
**CONDITIONS:**
1. The Sale in Execution is conducted in accordance with the Consumer Protection Act 68 of 2008.
2. The above movable property will be sold voetstoots "as is" without any warrantees or representations to the highest cash bidder
3. The buyer pays VAT where applicable.
4. Advertising costs at current publication rates and scale costs according to court rules, apply,
5. The Rules of this auction is available 24 hours prior to auction at the office of the Sheriff, 22 De Wet Street, Reitz.
6. Registration as a buyer is a pre-requisite subject to specific conditions *inter alia*:
7. Directive of the Consumer Protection Act 68 of 2008 (URL http:/www.info.gov.za/view/ downloadfileaction?id=99961);
8. FICA Legislation in respect of proof of identity and address particulars;
9. Payment of registration deposit of R500.00 in cash.
Dated at Reitz on this 06/07 day of 2021.
**MAGISTRATE REITZ**
**40 CHURCH STREET**
**REITZ, 9810**
**TEL: 058 863 2778**

**APPLICANT: JONAS MKHWANAZI**
**TEL: 078 5743637**

## JAARBEPLANNER

**AUGUSTUS 2021**
6 , 13 & 20 Aug. - NG Kerk Suid (Basaarverkoping)
28 Aug. - NG Kerk Suid (Basaar / Saamkuier geleentheid)
**SEPTEMBER 2021**
3 Sept. - NG Moedergemeente Visete (Wegneem)
23 Sept. - AP Kerk (Verkopings)
**OKTOBER 2021**
1 Okt. - NG Kerk Suid (Verkopings)
29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)
**NOVEMBER 2021**
26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)

# DIENSTE


**Andries Muller**
**072 447 7446**
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou
**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**


**BAAL VAN SOJA-/MIELIERESTE**
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
**R**

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
**R**

# TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***

**TE HUUR**
Nuut geboude, enkelslaapkamer woonstel.
2 Beskikbaar, besigtiging welkom.
**Kontak Jannie**
**082 820 5151**
**K**

**LANDE TE HUUR**
275 Hektaar lande te huur vanaf 1 September 2021. Skaapplaas distrik, Heilbron.
**Vir enige navrae skakel 082 878 6148**
**K**

**BLOEDSKENK DATUMS**


**28 September**
**23 November**

*Winkelure*
**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:**
07:30 - 16:30
**SATERDAE:**
08:30 - 13:00
Elsstraat 44 Heilbron
Tel: 058 852 3033


**2022** *Dagboeke*
**Bestellings vir 2022 dagboeke kan nou geplaas word.**
**44 Els Street • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**


# SMALLS

# EIENDOMME


**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159



**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Individual & Family
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn
MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY
072 180 4113
marilize@mcreative studio.co.za

HERALD Sport

# KOM LES JOU DORS

Die president het mos Sondag gepraat en was dit baie goeie nuus vir die manne wat droëkeel by die huis moes bly. Saterdag is dit weer HBA maandbeker en vleispryse. Die ander verblydende nuus is dat die Vrydagaand trekking weer in plek is en die geldpot staan op R6 600. Jy moet 19:00 daar wees om te deel in die trekking.

Die koudste nag in dekades was Vrydagaand en het dit ook gesorg vir 'n skrale opkoms van vyf gholfers Saterdag. Simon Malgas wen die dag met 35 punte met Jackie Leonard tweede met 34 punte.

Saterdag se gholf inskrywings is vanaf 10:30 vir afslaan 11:00.

# HEILBRON Duiwenuus

Die wedvlugte vanaf Aliwal-Noord oor 400km was teen 'n noordooste wind. Die spoed is afgebring met die wind skuins van voor. Dit was weer 'n Combine waaraan ± 10 000 duiwe deelgeneem het.


Stemmett Hokke het baie goed gevaar deur albei wedvlugte te wen. Sy Ope duif behaal ook die algehele eerste plek in die VPU. Sy jaar oud duif kry ook 'n derde plek in die Unie.

**Aliwal-Noord JO**

| | |
|---|---|
| 1. Stemmett Hokke | 2. Stemmett Hokke |
| 3. Kobus & Wilné | 4. Kobus & Wilné |
| 5. Zenith B | 6. Zenith B |
| 7. Stemmett Hokke | 8. OJ's Hokke |
| 9. F Viviers | 10. Zenith A |

**Aliwal-Noord Ope**

| | |
|---|---|
| 1. Stemmett Hokke | 2. F Viviers |
| 3. Zenith B | 4. Kobus & Wilné |
| 5. OJ's Hokke | 6. Kobus & Wilné |
| 7. Kobus & Wilné | 8. F Viviers |
| 9. F Viviers | 10. Crause & Seun |



*Damie Stemmett met sy Unie wenduif.*


the local choice Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
Available at this clinic:
- Bonitas
- Discovery Vitality
- Fedhealth
- GEMS (DSP)
- Health Squared
- Medshield
- Medihelp
- Multiply
- Polmed (DSP)
- and many more

Ask your Pharmacist for more info.
Get your Health Risk Assessment done now!
063 721 4950 087 527 0723
platteland@thelocalchoice.co.za
57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Silma Petzer. Kantoorure 058 852 3033.

ALLES ONDER EEN DAK
GEREGISTREER BY DIE BURO VAN STANDAARDE
STAINLESS & MILD STEEL SOLUTION
VERVAARDIGING EN HERSTEL
• Tenkwaens, Plaaswaens, Enkel- en Dubbelaswaens
• Agri Implemente
• Algemene sweis, herstelwerk en vervaardiging
• Vlekvrye staal sweiswerke
• Opmaak van volledige hidroliese sisteme
• Pasmaak van trok en trailer seile
• Alle tipe conveyors
ONDERDELE
• Bearings en Pulleys - Elektriese motors en ratkaste
• Trokonderdele
• Boute, wassers en moere
• Stainless pype en -koppelings
• Hidroliese motors, pompe, pype en -koppelings
• Batterye
• Skoonmaak middels - Degreaser, Autowash, Skottelgoedseep, Waspoeier & Sanitisers
STAINLESS & MILD STEEL SOLUTION
STAINLESS & MILD STEEL | TANKERS & TRAILERS | SPARE PARTS
058 852 3491 | 082 449 9113 | eddie@ejsm.co.za | www.ejsm.co.za

VLEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller 060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar 060 965 6207
Frankfort/Roodside/Cornelia
Corjan de Jager 079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roodside
Fanie vd Merwe 082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior) 061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Gillomee 082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7205
VLEISSENTRAAL JJ HADEBESTRAAT 97 FRANKFORT (Langs Bright Dienste)

BKB Louwid
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 2 AUGUSTUS 2021
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

DINSDAG - 3 AUGUSTUS 2021
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
VREDE: JORSIE BOERDERY
660 Dohne Merinos
11:00, Donkerhoek, Vrede
Kontak Jandre Moll 082 307 9169

WOENSDAG - 4 AUGUSTUS 2021
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
BLOEMFONTEIN: 65STE NASIONALE SAVM VEILING
85 Ramme en 35 ooie
10:30, Bloemfontein skougronde
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

DONDERDAG - 5 AUGUSTUS 2021
FRANKFORT KINDERFONDS VEILING
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369
KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
KAALLAAGTE JAARLIKSE VETVEE VEILING
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

VRYDAG - 6 AUGUSTUS 2021
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
FOURIESBURG: ZINABOS BONSMARA (FOURIE SCHEEPERS)
32ste Produksieveiling
11:00, Hoogland, Fouriesburg
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

VRYDAG - 7 AUGUSTUS 2021
OTTOSDAL: 22STE OVERVAAL ILE DE FRANCE KLUBVEILING
380 Skape
11:00, Ottosdal skougronde
Kontak Diaan Nieuwenhuis 083 636 2314

BKB Louwid
www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel. (058) 813 1071 Faks. (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za